

HEBREW PEOPLE BIED AAN



HEBREEUS  
IS  
LEKKER  
MAKLIK!

Werkboekie vir  
die Kursus

deur  
Tiaan Nel

# שלום

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.  
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op [www.kolkallah.com](http://www.kolkallah.com)

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:

[tiaan@hebrewpeople.com](mailto:tiaan@hebrewpeople.com)

+27 82 097 0408

Geniet die lesse!

*Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op 'n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:

T Nel

Absa Bank


9178127919

Tjek rekening

**Kyk gerus na die opnames van die lesse om die konsepte in elke eenheid te verstaan. Die regte uitspraak en belangrike wenke word in die opnames gegee!**

## Hersiening

*Onthou:* 'n Woord in Hebreeus word altyd van **regs na links** gelees, begin met 'n medeklinker (konsonant) en eindig met 'n medeklinker. Ons lees die medeklinker, dan die klinker (vokaal), dan die medeklinker en die klinker totdat ons met 'n medeklinker eindig. Die leespatroon sou so iets wees:



**Dus kan ons sê, dat** 'n Hebreeuse woord altyd begin en eindig met 'n medeklinker! Twee vokale mag nie langs mekaar staan nie; hulle moet deur 'n medeklinker geskei word.

Maar het jy opgelet dat sommige woorde in ons werkboek vir Hebreeus 101 met **klinker-klanke** geëindig het?

Die woorde **מָנְגוֹ** (mango) en **אָבוֹקָדוֹ** (avokado) eindig duidelik met 'n **O-klank**. En ja, as ons Hebreeus en Afrikaans met mekaar gaan vergelyk, gaan ons só dink. As ons altans na die woorde kyk as iets nuuts met 'n heel nuwe konsep en ook onthou dat die klinkers, wat mos net ons oefenwielietjies is, eendag gaan wegval, dan sien ons, dat **מָנְגוֹ** en **אָבוֹקָדוֹ** op 'n WAW eindig ו and alhoewel dit 'n O-klank is, is die letter nogtans 'n konsonant (medeklinker) en dus word ons reël ivm die medeklinkers en klinkers nie gebreek nie.

Wat is met Jesus se Naam, Jeshua? Sy Naam eindig tog duidelik met 'n klinker!

יֵשׁוּעַ

Nou gaan ons die uitsondering van die reël leer: **As 'n woord eindig met die letter Ajien of Get ך, dan lees ons eers die klinker en dan die letter Ajien of Get.**

Met die Naam van Jeshua (Jesus) maak dit nie saak of ons die A eerste lees of die Ajien nie, omdat Ajien self sonder klank is, maar wanneer ons kyk na hierdie woord:

## רוח הקודש

wat die Hebreeuse woord vir Heilige Gees is, maak die manier hoe ons die woord uitspreek 'n groot verskil! As ek RUCHA lees, beteken die woord nie meer Gees nie en boonop is ek besig om die grammatika reël ivm Get te breek. Daarom is dit belangrik dat ek eers die A-klank lees en dan die Get, dan lees ek die woord RUACH en dit is dan reg 😊 Dieselfde geld vir die woord vir sterkte (krag), wat in Hebreeus so geskryf word: כֶּחַץ

Woorde soos אֶבֶן eindig met 'n **klanker-klank**, maar wanneer ons na die woord kyk, sien ons die letter Alef en Alef is 'n konsonant, 'n medeklinker. Die grammatika reel word nie gebreek nie! Dieselfde geld vir name soos Madri מַדְרִי en Gilah גִּילָה. Dit **klank** asof die name met 'n klanker eindig, maar waneer ons die name lees, sien ons dat hulle in werklikheid met 'n medeklinker eindig.

### In Hebreeus skryf ons wat ons hoor!

- אֶבֶן het net een B in Hebreeus, want ons hoor net een B, alhoewel ons die woord met twee B's skryf in Afrikaans om die grammatika van ons eie taal te huisves.
- טִיָּאן het in Hebreeus net een A, omdat ons een A hoor, alhoewel ons in Afrikaans Tiaan skryf.
- Die Engelse naam אָן (Anne) eindig nie in Hebreeus met 'n E of H nie, want die laaste E in Anne word nie uitgespreek nie.
- Hierdie name word ook geskryf soos hulle klank: Michelle מִישֵׁל;  
Gerrit גֵּרִיט; Ilse (wat met z uitgespreek word) אִילְזֶה

### Hebreeus skep ruimte en moontlikhede vir ,vreemde' klanke

Sommige klanke is net eenvoudig nie in die Hebreeuse taal nie, want hulle word nie gebruik nie, dus was dit nodig om kreatief te wees en ruimte te skep vir 'vreemde' of 'buitelandse' klanke. Hierdie is die amptelike oplossings vir die volgende klanke:

**G klank** soos bv. in die naam **George**: ג

**J klank** soos in die name **Jeanne** en **Jacqueline** (Franse uitspraak): ז

**Ch klank** soos in die naam **Charles**: צ

#### Huiswerk:

Skryf jou naam in Hebreeus en probeer om die reëls wat ons vandag geleer het te bevolg.

My naam is: \_\_\_\_\_

## Woordeskat

Kyk gerus weer na die opname om seker te maak dat jy die uitspraak reg het.

Hebreeus	Plek om te oefen	Afrikaans
בּוֹקֵר טוֹב		Goeie môre
לַיְלָה טוֹב		Goeie nag
יוֹם טוֹב		Goeie dag
עֶרֶב טוֹב		Goeie naand
שְׁלוֹם		Vrede / Groetwoord
סְלִיחָה		ekskuus / verskoon my
רְגַע		(net 'n) oomblik
טוֹדָה		dankie
תּוֹדָה רַבָּה		baie dankie
בְּבִקְשָׁה		asseblief en plesier

## Bybelvers:

Om ons Bybelvers mooi te verstaan, is dit belangrik dat jy hierdie goedjies sal onthou:

- Die werkwoord ,wees' in als sy verskillende vorms en variasies word nie in die teenwoordige tyd gebruik nie. As ek jou kan sien, is jy; as jy met my praat, weet ek, dat jy is ... As jy my dus iets in die teenwoordige tyd oor hom, haar, hulle, dit of ons vertel, neem ek aan dat hy, sy, hulle, dit of ons leef. Ons hoef nie die bestaan te bewys met woorde soos is nie.
- Die woord 'in' word by die woord 'begin' gevoeg. In Hebreeus gebeur dit gereeld dat 'n woord aan 'n volgende woord geheg word, amper soos 'n voorvoegsel in Afrikaans.
- Die woord 'en' word aan die volgende woord in die sin gevoeg. Die woord 'en' word *altyd* so geskryf, as 'n voorvoegsel geheg aan 'n volgende woord. Ma **en**pa, Koffie **en**koek... Onthou jy nog ons woordjies Abba **en**vis in ons woordeskatlysie uit les 101?
- 'Ha' aan die begin van 'n woord is die Hebreeuse *bepaalde lidwoord*. Dis nou hoë Afrikaans vir die woordjie 'die' 😊 Die woord 'ha' (die) in hierdie Bybelvers dui aan, dat daar gepraat word van 'n spesifieke aarde en spesifieke hemele.

## Genesis 1:1

Afrikaans	Plek om te oefen	Hebreeus
In (die) begin		בְּרֵאשִׁית
het (Hy) geskape		בָּרָא
God		אֱלֹהִים
Voor 'n bepaalde lidwoord word die woordjie gebruik, maar ,et' het ook ,n wonderlike geestelike betekenis! <i>Luister gerus na die opname vir meer verduideliking hieroor!</i>		אֵת
die (spesifieke) hemele		הַשָּׁמַיִם
en die ( <i>sien jy hoe 'en' aan die woord gekoppel is soos 'n voorvoegsel?</i> )		וְאֵת
spesifieke aarde		הָאָרֶץ

### Huiswerk:

Skryf hierdie Bybelvers asb in Hebreeus neer. Stuur ook asseblief vir Tiaan 'n stem nota waar julle hierdie vers lees of opsê.

Onthou asb om jou huiswerk en enige vrae wat jy het vir Tiaan aan te stuur!